

## HOOFSTUK V

### WATTER NEDERLANDSE DIALEKTE VORM DIE GRONDSLAG VAN AFRIKAANS?

#### §1.—*Redes vir die Vraag*

Sodra die noodsaaklikheid hom voordoen om Afrikaanse eienaardighede te vergelyk met Nederlands en hulle daaruit te verklaar of daarin aanknopingspunte te soek, ontstaan die vraag vanself aan watter Nederlandse dialekte die meeste waarde geheg moet word. As Seeus ook *ons* vir *wij* het, verklaar dit die Afrikaanse verskynsel sonder meer? Om 'n houdbare vergelykingsbasis te verkry, asook ter wille van die suiwere wetenskaplike belangstelling, moet probeer word om vas te stel van watter Nederlandse gousprake Afrikaans in hoofsaak die voortsetting is. Kan dit bepaal word, sal dit rigting aan sommige opsporingspoginge gee en ook meer vertroue wek in die uitskakeling van wat „toevallighede” mag heet. Die strewe van die taalgeleerde is tog enkel om die waarheid te benader.

Hierdie probleem het betreklik laat opgekom, naamlik eers toe begryp is dat Afrikaans nie ontwikkel het uit presies daardie taalvorm soos dit in die Bybel en literatuur aangetref word nie. Sy grondslag lê in die gesproke taal van die eerste nedersetters en vryburgers. Toe die taak eers so opgevat is, het die middele nog ontbreek om die herkomsoord van die stamouers na te gaan. Daar moes

op 'n ander manier agter die waarheid gekom word, naamlik deur te soek na die ooreenkomste tussen Afrikaans en die Nederlandse gewestelike tale, vir sover hulle bepaalbaar was.

Afgesien van 'n paar gevalle, was die probleem nie innig met die ontstaansvraagstuk vervleg nie, sodat dit kalmer gestel en met minder vooringenomenheid beantwoord is. Nogtans sal die gevolgtrekkinge wyd uiteenloop.

## §2.—Die Historiese Lyn Uitgestippel

Die voorstanders van Afrikaans, veral sedert 1875, was afgunstig op die goeie naam van die volkstaal. Teenoor die vernederende aantygings van sommige dat Afrikaans verbasterde Nederlands is in die mond van minderbeskaafdes, het b.v. S. J. du Toit die bewering gestel dat dit as witmanstaal uit beskaafde Nederlands self voortgekom het, gewysig onder invloed van die beskaafde Frans van die Hugenote, sodat dit eintlik dieselfde weg as die beskaafde Engels opgegaan het. Toe eerw. Wirgman Afrikaans as 'n *patois* bestempel het, het hoofregter F. W. Reitz 'n lansie vir die landstaal gebreek en op sy nobele afstamming gewys. Hierteen kom 'n naamlose skrywer (deur sommige aangegee as adv. Wessels) in heftige verset: „I shall endeavour to the best of my ability to shew that Cape Dutch . . . is nothing more than . . . a veritable *patois*, whose origin must be sought in the Dutch writers of the seventeenth century and the back slums of Amsterdam two hundred years ago . . .” (*Cape Monthly Magazine*, Junie 1880).

In dieselfde jaar hou dr. N. Mansvelt voor die studente te Stellenbosch 'n lesing oor Afrikaans waarin hy aan-

gaande hierdie aangeleentheid o.m. sê: „ . . . doch het schijnt dat het dialekt dat meest in gebruik was en dat de overhand in Zuid-Afrika kreeg, was het Amsterdamsch of het dialekt in Amsterdam toentertijd gesproken. . . . Het Kaapsch-Hollandsch was dus oorspronkelijk Amsterdamsch Hollandsch . . .” (*Het Zuid-Afrikaansch Tijdschrift*, Aug. 1880). Vier jaar later herhaal hy dit telkens in sy *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon* en skryf die oorwig van Amsterdams mede toe aan die weesmeisies wat uit daardie stad na die Kaap gekom het om as huisvrouens aan ingesetenes uitgehuwelik te word, maar hy ruim ook wel vir ander dialekte ’n plekkie in. „In den loop der bewerking zal hier en daar blijken, dat een aanzienlijk deel der eerste Kolonisten uit de Oostelijke en Zuidelijke provinciën van Nederland afkomstig moet geweest zijn,” sê hy op bls. 1.

Die eerste Vryheidsoorlog het in die buiteland heelwat belangstelling in ons volk en taal gewek. ’n Uiting daarvan is C. Stoffel se opstel oor *Eene wettige Dochter der Hollandsche Taal* (d.w.s. Afrikaans) in die *Volk-almanak der Maatschappij tot Nut van het Algemeen*, 1882. Hierin meen hy dat „de grondstof, de woordenschat (van Afrikaans) Hollandsch, wellicht specifiek Noord-Hollandsch” is. In sy proefskrif wat in 1896 verskyn het, kom dr. W. J. Viljoen tot dieselfde gevolgtrekking na ’n uitvoerige ondersoek van die klankleer. Hy formuleer dit soos volg: „dass der Grundstock seines Lautsystems auf der Volkssprache Nordhollands beruht” (*Beiträge zur Geschichte der Cap-Holländischen Sprache*, bls. 58). Die oortuiging dat die tongvalle van Amsterdam en die onmiddellike omstreke (dus van die provinsie Noord-Holland) die grondslag van Afrikaans vorm, verteen-

woordig die eerste fase in die geskiedkundige verloop van die probleem.

Hierop volg in 1896 die tweede fase met 'n belangrike wegswenking. Die vooraanstaande kenner van Nederlandse streektale, prof. J. te Winkel, vind geen regverdiging vir die vorige opvattinge nie en vir die eerste keer word deur 'n gesaghebbende 'n ander groep dialekte as basis aangewys, naamlik van Suid-Holland en Seeland (*Vragen van den Dag*, 1896, later herhaal in *Geschiedenis der Nederlandsche Taal*, 1901, bls. 34).

Opinies sal nou 'n tyd lank heen-en-weer tussen die twee hipoteses slinger. Al aanvaar Meyer-Benfey dr. Viljoen se stelling (vgl. *Die Sprache der Buren*, p. 11), al het dr. Viljoen sy standpunt opnuut in 1905 bevestig (*De Unie*), en selfs al word hy hierin gesteun deur die bevindinge van dr. Godée Molsbergen op grond van 'n ondersoek na die herkomsoord van 60 persent van die Afrikaanse stamouers (*De Unie*, Nov. 1905), tog sal dr. Te Winkel die sterkste aanhang hê.

Dr. G. J. Boekenoogen het vir hom naam gemaak met sy uitvoerige beskrywing van hoe die mense in die Zaanstreek (net ten Noorde van Amsterdam) praat (*De Zaanse Volkstaal*, 1897). Hy skryf in 1903 vir die *Album*, in hulde aan prof. Kern opgedra, 'n kort artikeltjie oor *Afrikaansch en Noordhollandsch* (blss. 245 e.v.), waarin hy dr. Viljoen se gevolgtrekkinge toets en tot die slotsom geraak dat die Afrikaanse klankleer nie op Noord-Hollands berus nie, dog wel, na dit skyn, op Suid-Hollands en Seeus.

Een van die streke waar dr. Te Winkel die grootste gelykenis met Afrikaans vermoed het, was Oud-Alblas (Sliedrecht). Die Afrikaner dr. F. T. Schonken (oorlede

in 1909) het 'n tyd lank daar gaan bly om hom hiervan te oortuig en skryf daaroor o.a.: „De overeenstemming in woordenschat en klankstelsel is waarlijk zoo treffend, dat een Zuid-Hollandsche oorsprong onbetwifelbaar schijnt . . .” (*De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen*, 1914, bls. 169 vn.). Ook 'n ander Afrikaner, dr. T. H. le Roux, verklaar met verwysing na dr. Boekenoogen dat vir 'n vergelyking met Afrikaans hoofsaaklik die volkstale van die provinsie Suid-Holland en die Suid-Hollandse eilande in aanmerking moet kom (*Beschrijvende Klankleer van het Afrikaans*, 1910, bls. ii).

In 1924-1925 was dr. M. R. Breyne, 'n gebore Vlaming uit Roesselaere, in Suid-Afrika op 'n studiereis en toe het sy persoonlike aanraking met taal en volk hom onder die indruk van die ooreenkomste tussen Afrikaans en „Süd-niederländisch” laat kom — die laasgenoemde term omskryf hy as behelsende Vlaams en Brabants (*Der Einfluss Guido Gezelles auf die südafrikanische Literatur mit einem Hinweis auf die lautliche und lexikalische Verwandtschaft beider Sprachgebiete*, p. 20). In hierdie proefskrif (1926) beweer hy b.v. op bls. 40: „und das genügt mir, um daraus schliessen zu dürfen, dass überwiegend südniederländische (fläm-brab.) Einflüsse im Afrikaans vorhanden sind.”

Dit is eintlik 'n nabloei. Reeds vroeër het al 'n kentering in die manier van lokalisering ingetree en het die derde fase begin. In 1914 reeds skryf Van Rijn nie meer aan een bepaalde dialektstreek die oorweënde invloed toe nie (t.a.p., blss. 82, 96, 97), maar dink aan 'n veel uitgestrekter gebied (Holland, albei die provinsies, Seeland, Brabant en Gelderland). Nogtans behoort hy

om sy metode nie tot die derde fase nie, wel prof. J. J. Smith, dr. S. P. E. Boshoff, dr. D. B. Bosman en dr. J. Wittmann. Hulle het besef dat blote klankooreenkomste nie alleen tot 'n bevredigende oplossing kan lei nie — daarvoor is die maatstaf te willekeurig. Sekuurder inligting kan verkry word deur na te gaan uit watter gewestelike gebiede die stamvaders en -moeders kom.

Dr. S. P. E. Boshoff het hiermee rekening gehou (wat deur die verskyning van sekere publikasies moontlik geword het), en al waarsku hy dat getalle alleen nie alles beteken nie, kon hy tog vasstel dat, wat die provinsies betref, Noord-Holland met sy Hollands-Friese taalgroep, en Suid-Holland en Seeland met 'n Frankies-Friese taalgroep die belangrikste plek inneem (*Volk en Taal van Suid-Afrika*, 1921, p. 15). Vir sy ondersoek bepaal hy hom egter by 'n veel ruimer gebied, soos hy dit formuleer op bls. 41 aldaar: „Vir 'n verklaring van die woordeskat van Afrikaans moet m.i. *alle* Nederlandse, en selfs die Platduitse dialekte in aanmerking geneem word — die taalskat dus van heel die Nederduitse taalgebied, al is dit „a priori” aan te neem, dat aan die dialekte van *Noord-Holland, Suid-Holland* en *Zeeland* die grootste betekenis moet toegeken word.” Dr. J. Wittmann vereenselwig hom in hoofsaak hiermee en hou eweneens rekening met die Nederduitse streektale (*Die sprachgeschichtliche Entwicklung des Deflexionstypus im Afrikaans*, 1928, blss. 8, 9, 11, 49 en 50).

Dr. D. B. Bosman het die taaltoestande tydens Jan van Riebeeck ondersoek, en na aanleiding van die inskrywinge in die Kaapse vryboeke het hy die herkomsoord van die vryburgers kon nagaan. Tot 1662 het 167 Kompanjiesdienaars vrybriewe ontvang, daaronder was 104 (of

62 persent van die totaal) Nederlanders (*Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 1922; bls. 10). Dié 104 is volgens geboorteplek onder die provinsies verdeel en dan staan bo-aan Suid-Holland met 31, Noord-Holland met 27, ens. en Seeland het slegs 5 (ald., bls. 12). Dr. Bosman het hom egter nie net beperk tot die tyd van Van Riebeeck nie. Hy het die herkomssoord van al die Nederlandse vryburgers gedurende twee mensegeslagte nagegaan, d.w.s. tot 1712. Dan kom uit Noord-Holland 45, uit Suid-Holland 28, Seeland het 20 en Utrecht 17 (ald., bls. 12). Uit dit alles lei hy af: „As ons 'n sirkel beskryf met Gouda as middelpunt en Gouda-Amsterdam as straal, dan sou daarmee die gebied aangegee wees waaruit die meeste Nederlanders na Suid-Afrika verhuis het . . . Hiermee meen ek aan te getoon het dat die Hollands-Frankiese dialek as grondslag van Afrikaans moet aangeneem word,” (ald., pp. 12-13). Hierdie bevindinge verskyn ook in sy *Oor die Ontstaan van Afrikaans*.

Die gevolgtrekkinge van dr. Bosman word, sover ek weet, vandag algemeen aanvaar. Die vraag is slegs hoeveel waarde ook aan ander dialekte, b.v. aan Fries of Platduits, geheg moet word, en hier sal die aksent nie altyd eenders gelê word nie, soos reeds in die geval van dr. J. Wittmann gesien is.

### §3.—*Die Metode van Ondersoek volgens uiterlike Ooreenkomste*

In die tydvakke wat ons hierbo die eerste twee fases genoem het, was dit die gebruik om na Afrikaans te kyk en dan te vra aan watter Nederlandse tongval(le) dit op grond van ooreenkomste in taalgebruik, meer bepaald in fonetiese opsig, die sterkste herinner. Met geen

Nederlandse tongval kom Afrikaans naastenby geheel ooreen nie, maar globaal gesien, kom vir party een of meer streektale as die waarskynlikste grondvorm voor. Dat hier dan 'n metode is wat naas bewyse ook baie teenbewyse oplewer, is duidelik. Die seleksie van data moes, afgesien van die beperkinge soos onvoldoende kennis van die sewentiende eeuse dialekte, uiteraard dikwels willekeurig geskied het.

Daarom is soms ook ander gegewens vir sydelingse bevestiging in aanmerking geneem. Dr. J. te Winkel sê b.v. nog in sake ooreenkoms tussen Afrikaans en Suid-Hollands: „Afgaande op de namen der kolonisten, mag men ze zoo goed als uitsluitend voor Hollanders of Zeeuwen houden . . . de meeste toch zijn blijkbaar uit Zuid-Holland . . . en verder uit Zeeland gekomen . . .” (*Vragen van den Dag*, 1896, bls. 346). Dr. Schonken gaan verder en voer heelwat folkloristiese materiaal aan ter bevestiging van sy argument dat Alblasserwaard (ten ooste van Rotterdam) die oervorm van Afrikaans moet wees.

Een groot moeilikheid was om vas te stel hoe die bepaalde dialek in die sewentiende eeu geklink het. Daarvoor is die vorseer op geskryfte aangewys, en dit moet hy eers interpreteer binne die bestek van wat die skrywer beoog het en volgens die beperkinge van die skriftekens tot sy diens. 'n Tweede beswaar is dat ondanks hierdie dokumente ons beeld van die reënboogkleurigheid van die lokale en sosiale dialekte in daardie tyd vaag bly.

Dr. Viljoen se studie, wat veral op die geskryfte van Vondel, Hooft, Huyghens en Bredero berus, het hierdie tekortkominge getoon. Dit is die verdienste van dr.



Boekenoogen dat hy dr. Viljoen se data gesif het. Hy kon aantoon dat 'n menigte klankeienaardighede wat Afrikaans volgens dr. Viljoen met Noord-Hollands gemeen het, ook in ander gewestale bekend is, en dat die gegewens ontleen aan die taal van Vondel, 'n Brabander van geboorte, „met voorzichtige critiek” gehanteer moet word.

Maar dr. Boekenoogen is blykbaar self nie altyd versigtig nie. Vereers lyk dit baie of hy Noord-Hollands met Zaans vereenselwig — hy verwys kort-kort na sy hoofwerk vir nadere bewyse. In elk geval omskryf hy nie ondubbelsinnig wat hy met Noord-Hollands bedoel nie, veral ten opsigte van Amsterdam, wat (anders as hy laat uitkom) bepaald nie altyd met Noord-Hollands ooreenstem nie. In *De Noornederlandsche Tongvallen* bestempel dr. J. te Winkel die dialek van die provinsie Noord-Holland as Hollands-Fries, maar Amsterdam, Waterland en Amstelland reken hy tot die Frankies-Friese gebied van Utrecht. Dit raak aan die wortel van die hele saak, want wat dr. Boekenoogen oor die eerste spesifieke Noord-Hollandse eienaardigheid (*skeep/skaap*) betoog, geld nie van Amsterdams nie. Hier weer verskil dialek- en provinsiegrense.

In die tweede plaas argumenteer dr. Boekenoogen negatief. Hy beweer naamlik dat *f*, *s* en *sk* wel in Noord-Hollands gewoon is as Anlaute, dog ook *via* Fries in Afrikaans mog gekom het, waarmee hy direkte Noord-Hollandse invloed wil wegredeneer, omdat hy nie daaraan glo nie. Immers, hy noem vier Noord-Hollandse klankeienaardighede wat hy tevergeefs in Afrikaans soek. Hulle is: (i) Oergermaanse ope *e* is in Noord-Hollands 'n geslote *e*, in Afrikaans egter 'n *aa* (*skeep/skaap*);

(ii) Oergermaanse *ai* is in Noord-Hollands *ie*, in Afrikaans *ee* (*ien|een*); (iii) Teenoor Noord-Nederlandse woorde op *-d*, of *-t* soos *laad*, waarvan die slot-*e* afgekap is, staan die woorde in Nederlands in bepaalde gevalle sonder *d* of gaan die *d* oor in 'n *j*, soos in Afrikaans (*laai*); (iv) *Ge-* in die verlede deelwoord val in Noord-Hollands weg of word *e*, maar bly in Afrikaans (*'eweest* of *weest|gewees*).

Daaruit lei hy af: „Dit alles in aanmerking nemende moet men tot het besluit komen dat er geen reden is om in het Noordhollandsch de grondtaal van het Afrikaansch te zien.”

Sulke negatiewe argumentasie is gevaarlik en onwetenskaplik. Op dieselfde wyse is dit wel moontlik om dr. Boekenoogen se stelling in die gedrang te bring dat Afrikaans op Suid-Hollands berus. By voorbeeld, die Oergermaanse lang *i* en *u* (*min bus*) is gediftongeer tot *ij* en *ui* (*mijn buis*). Die proses het in Brabant begin en na die val van Antwerpen (1585) het die vlugtelinge dit oorgeplant op die Noord-Nederlandse stads- en kultuurtaal, maar in die Suid-Hollandse en Seeuse volkskringe het dit bepaald nog nie tot algemene gebruik gekom toe die eerste koloniste daar gebore is en geleer praat het nie (sê tussen 1615 en 1625). Aangesien Afrikaans die gediftongeerde klanke wel het, kan 'n mens volgens dr. Boekenoogen se manier van redenering bewys dat Afrikaans nie op Suid-Hollandse en Seeuse grondslag van destyds berus nie, en hom verder miskien op gevalle soos *stiebeuel* of *tier* beroep.

Dit kom hier alleen daarop aan om te toon dat die soeke na ooreenkomste baie willekeurig is, en dat die

negatiewe argumentasie dit eerder aanhelp as dat dit noodwendig 'n korrekatief is.

'n Duidelike voorbeeld van hoe 'n bepaalde teorie die vertolking kan beïnvloed, gee dr. Schonken ons. Soos dr. Boekenoogen glo hy aan 'n Suid-Hollandse, en by name aan 'n Alblasserwaardse fondament. Daarom het ook hy moeilikheid om die Anlaute *s, f, sk* weg te redeneer vir sover hulle op Noord-Hollands wys, m.a.w. hy wil hulle Suid-Hollands maak. Dit doen hy ten opsigte van die stemlose labiodentale frikatief, die *f*, om met een voorbeeld te volstaan, op hierdie manier. Duits, Frans, Portugees en Bantoe ken nie die Nederlandse stemhebbende *v* nie, wel die stemlose *f*; Maleis het nòg die *f* nòg die *v*, maar vervang dit in vreemde woorde met 'n *p*. Nou meen dr. Schonken dat die *f* in Afrikaans uit die Suid-Hollandse *v* „een vergelijk (kan) zijn, ten gunste der andere Europeesche talen, tusschen Holl. *v* en Mal. *p*, daar de korte heerschappij van den Mal. invloed en de bewuste tegenstand der Hollandsch sprekenden een zoo geweldigen sprong niet toelieten . . .” (t.a.p., bls. 170). Die taal van die Maleis-Portugees-sprekende slawe het dus uit 'n *v* halfpad op weg na 'n *p* 'n *f* by wyse van kompromis laat ontstaan in die mond van die blankes.

Dit is egter 'n uitsondering dat so 'n omweg gevolg word. Gewoonlik is sonder meer na klankooreenkomste gesoek.

#### §4.—Die Metode van Ondersoek volgens Herkomsoord

Die veiligste manier om die inherente willekeurigheid van die voorgaande metode te verminder, indien dan nie uit te skakel nie, is om na te gaan uit watter streke die

koloniste vandaan kom, dit is, om vas te stel watter taalgewoontes hulle deur omgewing en opvoeding aangeleer en hierheen saambring het. Dit het die meeste weetgieriges aan tyd en geleentheid ontbreek om hierdie tydrawende probleem in die landsargiewe te gaan navors. Adv. Wessels, dr. Mansvelt, dr. Viljoen en andere het hulle toe op die geskiedenis beroep, wat met heelhede werk en nie hierdie vraagstuk met spesifieke gegewens oplos nie.

Die weg daartoe is eers gebaan deur 'n joernalis, mnr. C. C. de Villiers, wat, getrou ondersteun deur sy vrou, uit die Kaapse argief, kerkregisters, testamente, boedelbeskrywinge en ander notariële aktes 'n lys van die ou stamfamilies saamgestel het, 'n werk waaraan hy en sy gade van Januarie 1882 tot aan sy dood op 4 September 1887 besig was en wat deur dr. Theal en mnr. J. W. Vlok tussen 1883 en 1884 in drie dele uitgegee is. Dit het al hoog tyd geword om die lyste vollediger te maak en op datum te bring.

Hierdie ruwe materiaal (dit gee die naam van die stamvader, sy plek van herkoms en datum van aankoms, sy huwelik en nasate), moet eers verwerk word om vir die taalgeleerde bruikbaar te wees. Dit is 'n allernoodsaaklike bron en vorm die grondslag van omtrent al ons berekeninge oor bloedmenging gedurende die eerste vyf geslagte, d.w.s. tot omstreeks 1807. Dr. Theal het hierop sy berekeninge gebaseer soos bekend gemaak in die tweede druk van deel II van sy *History of South Africa* (1897)\*, ook dr. H. T. Colenbrander vir sy monografie *De Afkomst der Boeren* (1902) en Henri Dehérain

\* 'n Hersiene berekening verskyn op bls. 283 e.v. in sy: *History and Ethnography south of the Zambesi* (1910), III.

vir die betrokke hoofstuk in sy geskiedenis *Le Cap de Bonne Esperance* (1909).

Gebruikmaking van hierdie bron en studies (natuurlik sonder verwaarlosing van ander bypassende materiaal soos o.a. verskaf deur ds. Leibbrandt en dr. Theal) het die derde fase waarvan hierbo sprake was, moontlik gemaak, soos blyk uit die studies van dr. Boshoff en dr. Bosman. Nou kon met 'n redelike mate van sekerheid statisties nagegaan word wat die betreklike waarde van die Nederlandse dialekgebiede vir Afrikaans is. In hoever die statistiek betroubaar is, d.w.s. in hoever die data volledig is, bly 'n ander vraag, maar dit kan betwyfel word of vollediger gegewens aan die algemene gevolgtrekkinge veel sal verander. Getalle is eindelik ook nie alles nie, veral in casu taal as 'n sosiale verskynsel. Die getalle moet nog geïnterpreteer word en daarmee sluip weer 'n element van willekeurigheid in. Solank daar getel word, is daar geen moeilikheid nie, maar sodra daar geweeg word, hang dit af van die gewigseenheid. Vergelyk b.v. die grafiese voorstelling van ons bloedmenging in dr. Godée Molsbergen en J. Visscher se *Zuid-Afrika's Geschiedenis in Beeld* (bls. 65), saamgestel uit gegewens van dr. Colenbrander, met die Duitse stamvaders op meer as die helfte, gestel teenoor die waardering van die Duitse element op 27 persent van die totaal, of dink aan die verskillende waarderings van dieselfde syfers deur dr. Colenbrander en dr. Theal.

Nogtans het ons langs hierdie weg van ondersoek 'n objektiewe en deegliker beeld met 'n wetenskapliker grondslag van die betreklike waarde wat aan die onderskeie *Nederlandse* dialekte as taalkundige faktor geheg

moet word. Hierna bly as prinsipiële vraag oor wat die betreklike waarde van gou- en gemeenspraak in hulle wisselwerking is, m.a.w. of daar nie soms te veel van dialekvorsing gemaak word nie, of te min van die gemeenskapse taal.

Dr. Bosman het die vraag waarskynlik afdoende beantwoord uit watter dialekgebiede die koloniste van Nederlandse bloede gedurende die eerste twee geslagte gekom het. Die gegewens vir die daaropvolgende tydperke behoort ook nog verskaf te word, „al weeg die eerste loodjies die swaarste.” Maar om nou nog op die antwoorde en vermoedens van ander hierna en na die historiese uiteensetting terug te kom, het weinig aktuele waarde. Alleen ter wille van meerdere oorsigtelikheid mag aanduidenderwyse die dialekte self as uitgangspunt gekies word.

#### §5.—*Fries*

Olive Schreiner deel o.a. die volgende opvatting van ander mee (*Losse Gedachten over Zuid-Afrika*, [1900] bls. 42): „. . . sommigen hebben beweerd, dat de oorspronkelijke kolonisten meest Friezen van weinig beschaving waren en geen zuiver Hollandsch spraken . . .” Sy deel nie mee waarop die bewering steun nie, maar dit kan wees na aanleiding van die Anlaute *s*, *f* en *sk*, wat kenmerkend van Fries is.

#### §6.—*Amsterdams in die eerste plaas*

Dit is die opvatting o.a. van dr. Mansvelt soos dit voorkom in sy lesing van Junie 1880, asook van adv. Wessels, albei reeds aangehaal.

### §7.—Noord-Hollands, insluitende Amsterdams

C. Stoffel se stelling is bekend, asook die van dr. Viljoen, en steunende op hom, die van dr. Meyer-Benfey. Na die teenstand wat dr. Viljoen van dr. Te Winkel en dr. Boekenoogen ontvang het, het hy, gesterk deur die gegewens van dr. Godée Molsbergen, die volgende nadere omskrywing in *De Unie* van November 1905 gegee: „Wat ik met mijn stelling wenste te verstaan, was slechts dat, als een bepaald Nederlands dialekt het grootste aandeel heeft gehad aan de vorming van het Afrikaans, dat dialekt dan zonder enige twijfel het Noord-Hollands, meer bepaald het Amsterdams van de 17de eeuw moest geweest zijn.”

Dr. E. C. Godée Molsbergen het aan die hand van Colenbrander se lysie die herkoms van die Afrikaanse stamvaders en -moeders vir 60 persent, d.w.s. vir sover moontlik, nagegaan en hulle gerangskik volgens die dialekkarta van Te Winkel. Hy vat sy resultate as volg saam: „Nu achteraf blijkt, dat Amsterdam het ruimschoots wint van alle andere steden en gewesten, en we de volkstaal van Amsterdam Noord-Hollands mogen noemen, krijgt dr. Viljoen toch nog gelijk.” Hy haal dr. Boekenoogen se tesis aan en besluit dan: „De tabellen steunen deze meningen van Dr. Boekenoogen hoegenaamd niet.” (*De Unie*, Nov. 1905).

### §8.—Suid-Hollands en Seeus

Dr. Te Winkel se standpunt is reeds genoem. Hy meen dat die meeste landverhuisers uit Suid-Holland en Seeland kom, „want het dialect van die streken verloochent zich in het Zuidafrikaansch nog niet” (t.a.p., bls. 346). Dan bewys hy dit met ooreenkomste uit

Dordrechts, Sliedrechts, Seeus, maar gee ook Gronings aan. Dr. Boekenoogen het hom in 1903 gelyk gegee. Een sinnetjie by Te Winkel lees nog: „Verrassende overeenkomst van het Zuidafrikaansch met het Sliedrechts zou ik kunnen aanwysen, zonder dat ik nu juist wil te kennen geven, dat deze eigenaardigheden in ons land alleen tot Sliedrecht beperkt zijn . . .” Dordrecht lê aan Sliedrecht in die streek bekend as Alblasserwaard, waar dr. Schonken die oervorm van Afrikaans vermoed het.

§9.—*Noord-Hollands, Suid-Hollands en Seeus tesaam*

Dr. Mansvelt het die moontlikheid nie uitgesluit dat die wortels van Afrikaans in al hierdie streke lê nie, en mnr. C. J. van Rijn beweer dit met groot nadruklikheid, terwyl hy ook Brabants insluit (t.a.p., bls. 96 vn.). Mnr. Van Rijn steun veral op wat hy self gehoor het tydens sy verblyf op verskillende plekke in Nederland. Hy is gebore in Bleiswijk net ten Noorde van Rotterdam. In Rotterdam het hy 'n tyd lank skool gehou. Deur persoonlike omgang en uit eie ervaring ken hy dus Suid-Hollands, maar ook Noord-Hollands omdat hy as onderwyser werksaam was in Haarlem, Amsterdam en Heemskerk. Ook in Gelderland (by Arnhem) het hy ag jaar vertoef. Hy kon dus uit eerstehandse kennis put, en al praat hy, met groot erns weliswaar, los en vas en al is sy wetenskaplike gewete rekbaar, het hy as leke-taalkundige tog veel behartigenswaard gesê en hom nie aan die neus laat lei nie.

Om op dr. S. P. E. Boshoff en dr. D. B. Bosman se gevolgtrekkinge uit 1921 en 1922 onderskeidelik hier nou slegs die aandag te vestig, is voldoende, maar een



naam uit 1919 moet nog prominensie verkry — die van prof. J. J. Smith. In deel I van die *Populair-Wetenskaplike Leesboek* verskyn onder sy naam 'n opstel oor *Die Herkoms van die Afrikaanse Volk* (blss. 125-144). Sprekende oor die opvatting van dr. Viljoen aan die een, en van dr. Te Winkel aan die ander kant, sê hy: „M.i. het albei partije gelijk, hoewel elkeen ons maar die halwe waarheid gee. Uit die burgerlijste blyk dat Noordholland en Suidholland bijna 'n ewe groot getal immigrante gestuur het vóór 1691 — die jaar toe die vermeerdering van die bevolking deur geboorte dié deur immigrasie begin te oortref. Uit Zeeland het ook 'n aansienlike getal — meestal vrouwens — gekom. Ons taal is dus afkomstig uit die vroeëre provinsie Holland, met duidelike spore van Zeeuwse invloed,” (bls. 134). Dan verduidelik hy dit met bekende voorbeelde uit die dialekte self.

§10.—*Vlaams en Brabants*

'n Verteenwoordiger van die opvatting is dr. M. R. Breyne (t.a.p. bls. 20 e.v.).

§11.—*Samevatting*

Oor die aandeel van die onderskeie dialekte het ons nou deur dr. Bosman se ondersoekinge 'n beeld wat nie meer op vae spekulasie berus nie. Die Hollands-Frankiese grondslag van die Nederlands wat in die beginjare aan die Kaap gehoor is en waaruit Afrikaans as 'n witmanstaal te voorskyn getree het, word vandag algemeen, meen ek, aanvaar. Dit is vir ons 'n waardevolle vasstelling. Dat dit die noodsaaklikheid nie uitskakel om ook kennis van die ander Nederlandse gewestale te bly neem nie, behoort nogtans duidelik te wees, net soos die Platduitse dialekte ons aandag by voortdoring bly vra, en dialektstudie in die algemeen in toenemende mate.